## DIE FONDASIE VAN NEO-SPEKTRUM:

Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

### KONTAKBESONDERHEDE


Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
**terblanche1@telkomsa.net**

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** dksmith1000@gmail.com


**ACIM: Stad: 29 Januarie 19h30**
**Kolping: 1 Februarie 19h30**
*9am Sondae 'Centering Prayer'*

**BOEKGROEP**
**Maandag 5 Februarie 19h00**
lydia@africagrowth.com
**Marseille 15, Pinehurst**

### BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

Naam en Van

______________________________________________

E-Mail___________________________________ Sel______________________

### ADRES: 7 BICCARD STR. DURBANVILLE

Vanaf N1 — Durbanweg/Willie van Schoor afrit, reguit ± 8km tot by sirkel, uit in Koebergweg, tweede straat regs is:

**MAAK VIR ONS 'N MAANDELIKSE BYDRAE ASSEBLIEF**

**Bankrekening vir bydraes**
**ABSA: Neo-Spektrum**
Takkode: **632005**
Rekening: **4083481065**
*Vorms is ook beskikbaar indien jy 'n **debietorder** wil teken*

**SnapScan**
Download APP vir jou foon. Installeer en gebruik met veiligheid.



# NEO-SPEKTRUM

## 28 JANUARIE 2018

## ~ 'N NUWE JAAR ~

## SHILOH: GOD'S GIFT

## STILTE IN DIE KAPEL

~ KYRIE (MISA CRIOLLA) — MERCEDES SOSA ~

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

Ek belowe hier, in die teenwoordigheid van almal en God
om myself lief te hê soos U my liefhet
en mekaar lief te hê soos U almal liefhet.
Ek belowe om in woord en daad U liefde na te streef
selfs teenoor hulle wat van my verskil en my kritiseer.
Ek belowe om vergiffenis te vra en vergiffenis te skenk
waar woorde en dade 'n wond gemaak het.
Ek belowe om nie boek te hou van die kwaad nie
en om my persepsies en projeksies te ruil vir 'n refleksie van U
met 'n gees wat sal vloei uit die inspirasie van U Gees.
Ek belowe om meer te gee as wat ek ontvang
en wat ek ontvang nie vanselfsprekend te aanvaar nie.
Ek belowe om die lig van die wêreld te wees,
die weg, waarheid en die lewe sodat U koninkryk sal kom
in elke aksie en reaksie, handel en wandel, elke woord en daad.
Want aan U kom toe die krag en die heerlikheid,
ons aanbidding en verwondering — van vandag af tot in ewigheid.

## STILTE VAN BINNE

# — Shiloh … That which Belongs to Him —

*"Daarom sê Ek vir julle: Moet jul nie bekommer oor jul lewe, oor wat julle moet eet of drink, of oor julle liggaam, oor wat julle moet aantrek nie. Is die lewe nie belangriker as kos en die liggaam as klere nie? Kyk na die wilde voëls: hulle saai nie en hul oes nie en hulle maak nie in skure bymekaar nie; julle hemelse Vader sorg vir hulle. Is julle nie baie meer werd as hulle nie? Trouens, wie van julle kan deur hom te bekommer sy lewe met een enkele uur verleng? En wat bekommer julle jul oor klere? Let op hoe groei die veldlelies: hulle swoeg nie en hulle maak nie klere nie. Maar Ek sê vir julle: Selfs Salomo in al sy prag was nie geklee soos een van hulle nie. As God dan die gras van die veld, wat vandag nog daar is en môre verbrand word, so versier, hoeveel te meer sal Hy dan nie vir julle sorg nie, julle kleingelowiges? Julle moet jul dus nie bekommer en vra: 'Wat moet ons eet of wat moet ons drink of wat moet ons aantrek?' nie. Dit is alles dinge waaroor die ongelowiges begaan is. Julle hemelse Vader weet tog dat julle dit alles nodig het. Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee."* **— Matt 6:25-33**

==============================================================

## SELF-ACCEPTANCE AND SELF-REALISATION

"To come to an inner unity, totality, and wholeness, every part of our self should be accepted and integrated." **— Henri Nouwen: Life of The Beloved**

**Self-aanvaarding:** my lig én donker; my goed én sleg; my mooi én lelik; my ryk én arm; my slim én dom; my veroordeling én my vergiffenis ...
— mý verantwoordelikheid

**Self-realisering:** my sien én blind; my praat én stom; my aksie én reaksie; my voel én afsydig; my versoen én verwydering; my liefde én vrees ...
— mý integriteit

==============================================================

Learn to trust God
God's love blows where it pleases

Vier hoekstene; vier windrigtings; vier seisoene; vier stapstene

Die teologie van 'Jesus maak jou 'n nuwe 'persoon' is gewoon nie waar nie — Jesus sê, *"Kom ek wys jou wie jy reeds is. Kom ek help jou onthou hoe God na jou kyk. Kom ons restoureer (self-aanvaarding) en rehabiliteer (self-realisering) dit wat <u>absurd</u> is. Jy is: **Geliefde van God**; jy word genoem: **Emmanuel**; jou antwoord: **Abigail** want jy is gedoop as **Shiloh**"*



# <u>GIVING</u> TRANSFORMS HAVING INTO <u>BEING</u>



## ~ HOMECOMING — ZBIGINIEW PREISNER ~

Wie nooit met kerslig saamgelewe het nie weet nie wat liefhê is nie.
Niemand kan so sag aan jou wang raak, geen woorde kan soveel mooi dinge fluister soos die lig van 'n kers nie. En dis 'n onvoorwaardelike, 'n onselfsugtige, 'n vertrouende en geduldige liefde ... dit gee en hou aan gee, sonder om iets in ruil te vra. Kyk weer 'n keer na kerse. 'n Nuwe een lyk koud en sonder siel. Een wat al gebrand het, al lánk gebrand het en al baie liefgehad het, dra die tekens van die liefde aan sy lyf.
Steek hom aan en die vlammetjie hang 'n oomblik klein aan die krom pit, baie weerloos, baie huiwerig, soos iets wat bang is. Jy sien die vlam groei, en die lig styg soos water in die vertrek, en begin wieg.
En die lig gaan lê om alles. En saam met die lig kom die vrede, die stilte, die rus. Want alles voel beskerm in daardie sagte gloed, elke hand, elke hals en lepel, elke beker, selfs die leë teekoppie voel liefgehê.
Kerslig is weerloos. En die liefde is weerloos.
Die liefde het dikwels bakgemaakte hande nodig om dit te beskerm.
'n Kers is meer as net 'n kers: Dit is 'n wonder wat aanhou gebeur.
As iemand in sy lig sit en na musiek luister sal hulle weet:
Profesieë hulle sal tot niet gaan, of tale hulle sal ophou, of kennis dit sal tot niet gaan. Maar kerslig is lankmoedig en vriendelik, is nie jaloers nie, praat nie groot nie, is nie opgeblaas nie, soek nie sy eie belang nie, word nie verbitterd nie, reken die kwaad nie toe nie, is nie bly saam met die ongeregtigheid nie, maar is bly saam met die waarheid.
Kerslig bedek alles, glo alles, hoop alles, verdra alles ... soos die Liefde.

**— Chris Barnard, 'In die Lig van 'n Halwe Kers' —**

## Be the <u>Awareness</u> of the <u>Presence</u> of God

## ~ DIE HOËPRIESTER SEËNBEDE — NUMERI 6:24-26 ~